FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

Potchefstroomse [illegible] CHO.

# ANTWOORD

VAN

# P.U.K.-RAAD

OP

# RAPPORT VAN DIE UNIWERSITEITS-KOMMISSIE.

---

Binnestaande is die amptelike verklaring van die P.U.K.-Raad se antwoord op die aantygings wat in die onlangs verskene rapport van die Uniwersiteitskommissie in verband met die P.U.K. gemaak is.

Oorgedruk uit „Die Weste" van 3 Augustus 1928.

Die Raad van die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege het kennis geneem van die rapport van die Uniwersiteitskommissie (Julie, 1928) en wens ten opsigte daarvan die volgende op te merk:-

## 1. WAT IS 'N UNIWFRSITEIT?

Die Uniwersiteitskommissie is oor die algemeen gelei deur die definiesie wat Lord Bryce van 'n Uniwersiteit gee: "A place where the teaching that puts a man abreast of the fullest and most exact knowledge of the time is given in a range of subjects covering all the great departments of intellectual life". (p. 17, par. 54.)

Hierdie definiesie (afgesien van die vraag van sy juistheid en geldigheid), in sy sterkste vorm toegepas, sou die bestaansreg van al die Uniwersiteite in die Unie van Suidafrika aantas, wanneer hulle met die groot wêrelduniwersiteite vergelyk word. Tereg egter besef die kommissie dat die Unie as 'n jong land hom tevrede moet stel, met betreklik onvolmaakte uniwersitêre inrigtinge. As dit, om redes wat vanself spreek, toegegee moet word, sou dan billikheidshalwe die bestaan van die kleiner inrigtinge in die jong Unie ook nie deur 'n soortgelyke redenering geregvêrdig kan word nie? Dit insonderheid, omdat die kommissie gevind het „dat die vergelyking van die koste per student vir die jare 1911 en 1926 aantoon dat daar 'n aansienlike vermindering in die totale koste van uniwersitêre onderwys per student plaas gevind het en na verhouding 'n nog groter vermindering in die koste vir die Staat en verskaf geen grond vir die heersende opvatting dat die koste van uniwersitêre onderwys toegeneem het, nog toeneem en verminder behoort te word." (p. 23, par. 89.)

## 2. EIS VAN GEESTESWRYWING.

Ten opsigte van die P.U.K. word dus op 'n onbillike wyse nadruk gelê op die gebrek aan sogenaamde „onderlinge geesteswrywing" as gevolg van geringe getalsterkte en verskeidenheid van studentetiepes. (p. 17, par. 58). Die kommissie beweer feitlik dat, aangesien daar nie genoegsame „onderlinge geesteswrywing" aan die P.U.K. is

nie, die inrigting liewer van die toneel moet verdwyn. Die uitdrukking „geesteswrywing" is vaag en misleidend. Die kommissie vind die voorwaarde daarvoor blykbaar in groot getalle en verskeidenheid van „doel en uitkyk". Wat laasgenoemde betref, lê dié verskeidenheid in die vakke van studie? Blykbaar nie, aangesien die kommissie geneig is om bestaande vakke uit te sny.

Selfs die definiesie van Lord Bryce is blykbaar vir die kommissie foutief, omdat die kommissie „teologie" nie beskou as behorende tot "the great departments of intellectual life" nie. 'n Ander kommissie sou waarskynlik weer 'n ander vak uitgeskakel het (b.v. skone kunste) en die geesteswrywing weer in 'n ander rigting gesoek het. Hierby kom dat die kommissie, wat ander inrigtinge betref, weer hulle „geesteswrywing" wil verminder deur aan te beveel dat vakke van hulle weggeneem en aan die Uniwersiteite van Kaapstad en Witwatersrand gegee moet word.

Wat betref groot getalle, terwyl tog aan alle en veral groot uniwersiteite geestesgroeperinge van indiwidue plaasvind, en wel só dat een groep nouliks met 'n ander groep in aanraking kom, soos bekend en verstaanbaar is, en terwyl aan klein kolleges die kontak tussen studente onderling en tussen staf en studente veel nouer en hegter is, word eerder aan kleiner kolleges die geestesaanraking gevind wat vir geesteswrywing 'n noodsaaklike voorwaarde is. Sou die aankweking van 'n egte en objektiewe wetenskaplike gees aan 'n uniwersiteit nie 'n veel belangriker maatstaf en toets wees as getalsterkte en veelheid van gedoseerde vakke nie?

Ons het uitgegaan van die veronderstelling dat die kommissie met die term „onderlinge geesteswrywing" die oog gehad het op die aantal studente, aantal dosente en hoeveelheid van gedoseerde vakke, waardeur vanself 'n maatstaf gegee is om klein kolleges nadelig te beoordeel. Sonder 'n betere regverdiging van sy toets en 'n beter verduideliking van wat daaronder verstaan word, moet hulle hele aanval op klein inrigtinge, bevooroordeel en op 'n sirkelredenering gebaseer beskou word.

Ingeval egter die kommissie met die gebrek aan „onderlinge geesteswrywing" op die Kriste-

like, of selfs Kalvinistiese, rigting van die P.U.K. sy oog gehad het, wens die Raad te antwoord dat hy i) beslis 'n voorstander is van die gesonde groepstelsel in die onderwys, ii) dat die vorming van persoonlikheid en karakter deur 'n eenheid van geestesrigting juis in die hoogste mate gebaat word, iii) dat hierdie standpunt verskeidenheid van sienswyse en doelstelling en moontlikheid van onderlinge geesteswrywing juis *nie* uitsluit nie, en iv) dat die hoogste ideaal van 'n uniwersiteit juis is dat die wetenskap in sy eenheid gedoseer en bevorder moet word, en nie as 'n atomistiese konglomeraat van teëgestelde meninge nie. Wil die kommissie met sy „geesteswrywing" die wetenskap in verskillende rigtinge uiteen laat val, en die ideaal van die eenheid van die wetenskap verbrokkel, en verder die beginsel van die groepstelsel misken, dan beskou die Raad dat die kommissie in sy oordeel oor „geesteswrywing" van 'n verkeerde standpunt uitgaan.

## 3. BESTAANSREG VAN DIE P.U.K. VOLGENS DIE 2.6 pSt. SYFER.

As 'n „besondere rede om meer spesifiek aandag" aan die P.U.K. te gee, met oog op „die bestaan van klein kolleges" en op hulle „ongunstige beoordeling" (p. 17, par. 57, 58) bied die kommissie ons sy 2.6 pSt.-spook. Die P.U.K. „is volgens sy konstitusie onder die vaste beheer van die outoriteite van 'n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 pSt. van die Europese bevolking van die Unie uitmaak". Wie dit lees, kom onwillekeurig onder die indruk dat die kommissie nou vir die eerste maal tot hierdie belangrike ontdekking gekom het. Tog was al die feite en besonderhede voor die hoogste gesag van die Unie by die inkorporasie van die P.U.K. Op grond van die feite en in verband met die geskiedenis van die feite is die inrigting sonder teëstem deur wetgewing geïnkorporeer. Wat die motief van die kommissie was om dit weer aan te haal, is nie duidelik nie.

Die implikasie van hierdie syfer, as of die P.U.K. net bestaan vir of vas beheers word deur die enkel-Gereformeerde Kerk is *onwaar*. Die P.U.K. bedoel die beoefening en bevordering van die wetenskap in ooreenstemming met die Woord van God, en wens die samewerking van almal wat nog

buig vir die gesag en majesteit van die Woord van God. Alle leerlinge is welkom, maar nie alle leringe word as waar geaksepteer en gedoseer nie. Dit spreek vanself dat wel alle belangrike leringe gedoseer word, maar naas die leringe wat meestal in swang is, word hier ook nog die leringe meegedeel wat in ons eie geestesrigting ontstaan. Hierdie laaste leringe is gebaseer op feite, wetenskaplik verdedig- en kontroleerbaar, en is in ooreenstemming met die Hoogste Gesag. Die Raad handhaaf die prinsipiële moontlikheid van 'n Kristelike Wetenskap, 'n wetenskap wat 'n eenheid vorm met die geloofsopenbaring van Gods Woord.

Die embleemspreuk van die P.U.K. „In U Lig" is dan ook nie net hulle klanke nie. Die Raad konstateer met dankbaarheid dat dit nie alleen die enkel-Gereformeerdes is wat hierdie standpunt huldig nie maar seker 80 persent (om ook in persentasievorm te spreek) van die blanke bevolking van die Unie. Uit hierdie gesigspunt is die P.U. K. ongetwyfeld 'n „nasionale behoefte". Om egter in sulke geestelike sake met sulke persent-syfers te kom, is misplaas. Die 2.6 persent spook van die kommissie is om al hierdie redes belaglik en heeltemal uit sy plek.

## 4. BIBLIOTEEK, LABORATORIA, GEBOUE.

### a. *Biblioteek.*

Die Raad erken dat die P.U.K. se biblioteek nog baie verbeter kan word. Die Raad ontken dat die biblioteek in 'n staat van wanorde is. Sonder om verder op die biblioteek se voorsiening in te gaan, wens die Raad net die aandag daarop te vestig dat al die studente aan die P.U.K. boondien nog toegang het tot die biblioteek van die Teologiese Skool alhier en tot die biblioteek van die Potchefstroomse Stadsraad, en dat senior-studente ook toegang het tot die privaat biblioteke van die dosente aan die P.U.K. biblioteke wat die nuutste werke en belangrikste vaktydskrifte bevat, en wat in die geval van 'n groot aantal van die dosente ver oor die duisend vakboeke elk bevat. Dat die biblioteek-voorsiening in die algemeen noodlottig belemmerend sou wees vir breë en oorspronklike studie moet beslis ontken word. Vir die gewone

universitêre roetiene is dit heeltemal bruikbaar.

*b. Laboratoria.*

d Ten opsigte van wat Dr. P. J. du Toit in sy rapport oor die Laboratoria-uitrusting en geboue sê (waarop die kommissie verdere aanvalle borduur) erken die Raad dat daar baie is wat verbeter moet word, maar *ontken beslis* dat die uitrusting absoluut ontoereikend en onvoldoende is *vir die doeleindes wat dit moet dien.*

In die geval van die Laboratoria wens die Raad die volgende voorop te stel: Op las van die Uniwersiteit van Suidafrika tydens sy senaatsitting te Potchefstroom (1925) is al die laboratoria van die P.U.K. wat studente oplei vir B.Sc-grade, deur *outoriteite* (van die Natuurwetenskaplike Fakulteit van die Senaat) in die respektiewe vakke ná 'n *behoorlike* en nie 'n „kort" inspeksie nie, goedgekeur. Ná 1925 is elke jaar die laboratoria se uitrusting verbeter en aangevul.

Hierteenoor beweer Dr. P. J. du Toit in sy rapport dat in die verskillende laboratoria nouliks eerste-jaars werk verrig kan word, en beweer die kommissie: „Potchefstroom het geen Laboratoriumfasiliteite om van te praat nie". (p. 17, par. 58.)

Op enkele van die beweringe wat in die rapport staan, wens die Raad nader in te gaan.

In die rapport staan o.a. op pp. 52, 53: „Die feit dat Potchefstroom kandidate inskryf vir die B.Sc.-graad en dat sommige van hulle daarin geslaag het om die graad te verwerf, 'n 'n baie slegte indruk van ons eksamenstelsel. Met die primitiewe fasiliteite wat op Potchefstroom beskikbaar is, (kan) geen student, hoe uitstekend hy ook al is, 'n deeglike insig in die onderwerp kry nie. Sy idee omtrent die wetenskap wat hy bestudeer, moet newelig word weens die feit dat hy al sy kennis net uit teksboeke moet put en die laboratorium kan vir hom niks meer wees nie as 'n plek waar 'n paar stellinge, wat hy alreeds uit 'n teksboek geleer het, bewys word of andersins."

Hierteenoor wens die Raad te konstateer dat nie „sommige" kandidate slaag vir die B.Sc-graad nie, maar dat dit 'n uitsondering is as 'n kandidaat nie slaag nie. Die volgende voorbeeld kan

as illustrasie van die gesegde dien: In 1927 (juis die jaar van die „kort" inspeksie namens die kommissie) was daar vyf kandidate vir die derde jaar in Fiesika wat hulle hele kursus aan die P.U.K. gevolg het. Die eksamenvraestel word deur 'n *eksterne* eksaminator gestel en die antwoorde op die vrae deur hom ook beoordeel. Die resultate was dat al die vyf kandidate slaag, en twee nogal in die *eerste* klas.

In Skeikunde was daar vier derde-jaars kandidate, wat ook almal geslaag het, en boondien ook nog 'n M.Sc.-student, wat ook geslaag het. Die Raad is oortuig dat Dr. P. J. du Toit nie kan sê dat hierdie studente geen „degelike insig" in die onderwerpe gehad het, en dat hulle idee vaag of „newelig" was nie. Die eksterne eksaminator het die indruk in elk geval nie gekry nie.

Die kommissie „moet dan ook hul verwondering uitspreek daaroor dat dit moontlik is, b.v. in die geval van Potchefstroom wat betref natuurwetenskaplike onderwerpe, dat studente daarin slaag". Maar hulle „wil dit by herhaling as hulle oortuiging uitspreek dat die deurkom by eksamens, alleen geneem, geen genoegsame maatstaf is om die gehalte van uniwersiteitswerk mee te bepaal nie". (p. 18). Dis dan ook boondien „onbillik teenoor studente dat inrigtinge hulle vir grade waarvoor hulle nie die nodige staf en uitrusting het nie, kan voorgee om voor te berei". (p. 18.) Dr. P. J. du Toit wens nie te beweer dat die hele sillabus vir die graad nie deur die betrokke professor of lektor behandel word nie." (p. 52.)

Die eksamenstelsel kry die skuld.

Die Raad gee toe dat die eksamenstelsel ver van volmaak is, en dat sowel die Raad as die Senaat van die P.U.K. daarin graag verbetering sou sien, deur b.v. in die geval van natuurwetenskaplike vakke meer belang toe te ken aan die praktiese werk deur die kandidaat gedurende die jaar verrig, maar die Raad ontken beslis dat 'n kandidaat kan slaag (en dan nogal eerste klas), wanneer hy nie 'n degelike insig in die onderwerp het nie, of wanneer sy insig „newelig" is. Die Raad handhaaf uitdruklik dat die gehalte van die uniwersiteitswerk nie minder hoog is as aan ander kolleges nie, en dat die eksamen-uitslae dit op „flagrante"

manier bewys. (Die voorbeeld van die Fiesika is hierbo geneem, juis omdat dit seker 'n vak is waarvan die kennis allermins net uit teksboeke verkry kan word.)

Die Dekaan van die Natuurkundige Fakulteit handhaaf ten sterkste dat Potchefstroom tereg besonder nadruk lê op die praktiese werk en dit die basis van die studie uit die teksboeke maak.

Die Raad hou hom ten volle oortuig dat, as dieselfde versameling instrumente meer sigbaar opgestel was, en veral in 'n minder „armoedige" gebou, dit op die kommissie dan 'n heeltemal ander indruk sou gemaak het. Die Raad gee die versekering dat die hele sillabus deur die betrokke professor of lektor deurgewerk word en ook by herhaling, dat die nodige staf en uitrusting aanwesig is en dat die P.U.K. nie alleen „voorgee om studente voor te berei" maar dit ook werklik *doen*, en *degelik* wetenskaplik doen, en wel met sukses. Daar is geen enkele belangrike proef wat nie in die betrokke laboratoria uitgevoer kan word nie en die Raad is oortuig dat die kommissie nie in staat is om op sulke "flagrante" voorbeeld te wys nie.

Dr. P. J. du Toit sê verder: „Ek weet persoonlik van gemiese en fiesiese laboratoriums in Hoëre Skole in Suidafrika wat beter toegerus is dan die van die P.U.K." (p. 53). As daar, volgens die bewering van Dr. P. J. du Toit, gemiese en fiesiese laboratoria is aan Hoër Skole in Suidafrika wat beter toegerus is vir 2e en 3e jaars-B.Sc.-gradewerk as die P.U.K., dan is dit tyd dat so'n geldverspilling gestaak word.

Boondien wens die Raad daarop te wys dat die inspeksie vir sulke vernietigende kritiek van die kant van die kommissie veels te „kort" was. In enkele minute kan wel 'n globale indruk verkry word, maar nie 'n ondersoek na besonderhede gedoen word nie. As die kommissie (soos netnou aangetoon sal word) dit onnodig beskou het om die instrumente te sien wat in kaste (ongelukkig geen glaskaste nie) weggepak is, dan word die Raad in sy oortuiging bevestig dat die inspeksie van die kommissie, om die minste te sê haastig en oppervlakkig was, en daardeur hul oordeel besonder onbillik.

Op enkele onjuisthede in die rapport sou die

Raad nog kan wys: In die natuurkunde-kamer is nie plek vir 10 (p. 55) maar vir ongeveer 30 studente. Daar is wel naslaanboeke van tabellariese aard in die natuurkunde-laboratorium. Die Skeikunde-lesingskamer bied nie vir 20-25 nie, maar vir 50-70 studente plek. In hierdie laboratorium is wel 'n aparte weegkamer aanwesig. In die praktiese laboratorium is nie vir 20-25 nie, maar vir 44 studente plek. Die betrokke lektor het Dr. P. J. du Toit gevra om die uitrusting na te gaan (wat byna alles in kaste weggesit was), wat egter deur die Dr. van die hand gewys is. Die betrokke lektor het aan die kommissie die versekering gegee dat voldoende apparaat vir die nodige werk (selfs vir M.Sc.) aanwesig is, en tog lui die rapport „nouliks geskik vir eerstejaarsgradewerk" (p. 56). Die Professor in Natuurkunde spreek sy verwondering daaroor uit dat £1500 se waarde aan natuurkundige apparate in ongeveer 10 minute noukeurig ondersoek kan word. Hy is „geneig tot die opienie" (p. 55) dat dit onmoontlik is.

Die Raad wens daarop te wys dat die aantal B.Sc. kandidate aan die P.U.K. gunstig met dié aan ander kolleges vergelyk, en dat hulle aantal steeds toeneem, en dat die uitslae, wat tog onder strenge kontrole van eksterne eksaminatore staan, selfs baie gunstig vergelyk.

Jaarliks verbeter die uitrusting van al die Laboratoria; meer as £1500 is die vorige jaar aan instrumente, kaste en dergelike meubels uitgegee. Al die laboratoria, Natuurkunde, Skeikunde, Dierkunde, Plantkunde is geskik vir opleiding vir B.Sc. graad (getuie ook oordeel van Uniwersiteit van Suidafrika) en met 'n laboratorium vir Eksperimentele Sielkunde en Opvoedkunde is 'n uitstekende begin gemaak.

Die Raad kan nie anders nie as om die aanval van die kommissie op die laboratoria as in die hoogste mate onbillik te kwalifiseer.

*c. Geboue.*

Het die kommissie in verband met sy aanval op die geboue van die P.U.K. die te verwagte gedragslyn gevolg? By die beoordeling van inrigtinge in ons land behoort die vraag gestel te word: Is die ontstaan en bestaan van een of ander in-

rigting geregvêrdig? As dan gevind word dat die Unie-Volksraad, wat die P.U.K. betref, 'n bevestigende antwoord met sy inkorporasie gegee het (dokumente wat die kommissie van ondersoek blykbaar versuim het om in verband met hierdie allesbeheersende vraag na te gaan) dan vloei 'n twede vraag uit die eerste voort, n.l.: Aangesien die Unie-Volksraad die reg van bestaan van die P.U.K. erken het, watter hulp het die P.U.K. van die regering ontvang om sy geboue en uitrusting te verbeter en uit te brei? As dit dan blyk dat die P.U.K. minder gunstig behandel is as ander inrigtinge moes die kommissie dan nie eerder by die regering daarop aangedring het om die P.U.K. *proporsioneel* gelykop te behandel met die ander inrigtinge, veral daar dit die kommissie se bevinding is dat nie te veel geld vir uniwersitêre *onderwys uitgegee word nie?* Dit sou vir die kommissie 'n baie belangrike persentasieooreenkoms gewees het, om uit te reken hoeveel die ander uniwersitêre *inrigtinge,* dit sy as skenkinge of by wyse van leninge, van hulle ontstaan af, van die regering ontvang het. Hierdie vraag is nooit deur die kommissie gestel nie.

Vir meer as vyftig jaar lank het die „2.6 persent van die bevolking met 'n godsdienstige rigting" probeer om hulle eie sake *sonder staatsteun* te beredder, terwyl gedurende al dié tyd ook *van hulle belastinggelde* vir al die ander inrigtinge gebruik is.

Die feite, wat die P.U.K. betref, is sedert die inkorporasie soos volg:

a) By die inkorporasie is die bydrae van die P.U.K. van regeringsweë tot die maksimum van £4000 per annum op „£ vir £" basis beperk, hoewel volgens die algemene wet die P.U.K. op veel meer geregtig was. Eers later (1924) is die P.U.K. anders behandel.

b) Vir geboue is van die vorige regering £3000 as lening ontvang. Dit was nouliks voldoende om die „sinkgeboue" te koop. Tussen hakies: Hoeveel van die ander uniwersitêre inrigtinge moes ook nie vir jare in sulke sinkgeboue gehuisves wees nie? Was hulle uniwersitêre werk wat in daardie geboue gedoen was daardeur minderwaardig?

c) Gedurende die laaste helfte van die vorige

jaar is vir die laboratorium-uitrusting en meubels vir klaskamers 'n lening van £2000 en vir 'n koshuis van £6500 goedgekeur. Albei somme kon die regering nie aan die P.U.K. verskaf nie en moes die Raad dus privaat leen. Die P.U.K. moet dit nog van die regering ontvang!

d) Alle poginge om van die regering meer hulp te verkry was tot dusver vrugteloos.

Dit is die werklike toestand en nie soos in Tabelle DI staan dat sedert 1907 tot op datum deur die P.U.K. niks van die regering in leninge ontvang is nie. Sedert April 1919 is die bogenoemde subsiedie ontvang en die toesegging van die ander leninge, soos hierbo aangedui.

As die Raad die periode vanaf die datum van Inkorporasie van die P.U.K. neem (Julie 1921) tot op einde 1927, dan staan die syfers soos volg vir leninge van regeringsweë:

| | | |
|---|---|---|
| A. | P.U.K. (Potchefstroom) | £4000 |
| | H.U.K. (Wellington) | £14000 |
| | N.U.K. (Natal) | £57000 |
| | G.U.K. (Bloemfontein) | £74000 |
| | T.U.K. (Pretoria) | £76000 |
| | R.U.K. (Grahamstad) | £119000 |
| | Totaal A. (Uniw. van S.A.) | £344,000 |
| B. | Uniwersiteit van Suidafrika | £344000 |
| | Uniwersiteit van Stellenbosch | £191900 |
| | Uniwersiteit van Kaapstad | £420000 |
| | Uniwersiteit van Witwatersrand | £450000 |
| | Totaal B. (Al 4 Uniwersiteite) | £1,405,900 |
| C. | Al vier Uniwersiteite | £1,405,900 |
| 1. | S.-Afrikaanse Naturellekollege | £ 17500 |
| | Oos-Londense Teg. Kollege ('27) | £ 48000 |
| | Kaapse Tegniese Kollege ('26) | £ 50000 |
| | Natalse Tegn. Kollege ('25, '27) | £ 52000 |
| | Port Eliz. Tegn. Kollege ('25) | £ 67000 |
| | Johannesburg Tegn. Kollege ('27) | £ 81000 |
| | Pretoriase Tegn. Kollege (—) | £ 85000 |
| | Totaal C. (Alle Uniwersiteite Uniw. Koll. en Tegn. Koll.) | £1,806,400 |

Die volgende persentasie-tafel maak die vergelyking seker nie minder oninteressant nie:

A. Ten opsigte van wat die Uniwersiteit van Suidafrika as *geheel in regeringsleninge* ontvang het staan die P.U.K. se lening soos volg:

| | |
|---|---|
| P.U.K. | 1.13 persent. |
| H.U.K. | 4.08 persent. |
| N.U.K. | 16.62 persent. |
| G.U.K. | 21.81 persent. |
| T.U.K. | 22.47 persent. |
| R.U.K. | 34.69 persent. |

*) (Die Naturelle-Kollege moes by berekening uitgelaat geword het, aangesien die kommissie net van 2.6 persent van Europese bevolking praat. Deur dit egter uit te laat, word die finale getalle so minimaal verander, dat die berekening so kan bly staan.)

B. Ten opsigte van wat die vier Uniwersiteite saam in regeringslenings ontvang het, staan die P.U.K. se lening soos volg:

| | |
|---|---|
| P.U.K. | 0.28 persent. |
| H.U.K. | 1.00 persent. |
| N.U.K. | 4.05 persent. |
| G.U.K. | 5.27 persent. |
| T.U.K. | 5.41 persent. |
| R.U.K. | 8.47 persent. |
| U.S. | 13.66 persent. |
| U.K. | 29.89 persent. |
| U.W.W. | 32.03 persent. |

C. *Ten opsigte van wat alle Uniwersiteite,* Uniwersiteitskolleges en Tegniese Kolleges saam in regeringsleninge ontvang het, staan die P.U.K. se lening soos volg:

| | |
|---|---|
| P.U.K. | 0.22 persent. |
| H.U.K. | 0.78 persent. |
| Naturelle Koll. | 0.94 persent. |
| O.L.T.K. | 2.66 persent. |
| K.T.K. | 2.77 persent. |
| N.T.K. | 2.88 persent. |
| N.U.K. | 3.16 persent. |
| P.E.T.K. | 3.71 persent. |
| G.U.K. | 4.09 persent. |
| T.U.K. | 4.21 persent. |
| J.T.K. | 4.49 persent. |
| Pr. T.K. | 4.71 persent. |
| R.U.K. | 6.59 persent. |
| U.S. | 10.63 persent. |
| U.K. | 23.27 persent. |
| U.W.W. | 25.49 persent. |

Dus is aan die P.U.K. van regeringsweë leninge toegeken:

A. 1.13 persent van wat aan die Uniwersiteit van Suidafrika,

B. 0.28 persent van wat aan al vier die Uniwersiteite, en

C. 0.22 persent van wat aan al die Uniwersiteite, Uniwersiteitskollege en Tegniese Kolleges saam toegeken is.

Die P.U.K. word volgens die kommissie ondersteun deur 2.6 persent van die blanke bevolking van die Unie van Suidafrika. Hoe vergelyk die 2.6 persent met die pas gegewe 1.13 persent, 0.28 persent, en 0.22 persent? As die regering aan die P.U.K. ook maar net 2.6 persent van al hierdie leninge toegeken het (wat tog weer uit die belastingebetaler se sak uiteindelik moet kom), moes die regering aan die P.U.K. minstens £50,000 toegeken het. Dan seker sou die klagtes oor die geboue minder grond van bestaan gehad het. Dit egter geld net vir die leninge gegee tussen 1921 en 1927. As die totaal leninge en skenkinge geneem was, sou die 2.6 persent op veel meer as £50,000 uitgewerk het. Selfs glo die Raad dat die 2.6 persent boondien veels te laag gestel is, as ons die P.U.K. as 'n nasionale behoefte beskou. Die Raad meen nou dat hy volle reg het, aangesien die kommissie die P.U.K. se ondersteuners tog so hoog as 2.6 persent van die blanke bevolking van die Unie skat, en aangesien die regering die P.U.K. so stiefmoederlik met leninge behandel het, en aangesien die kommissie met sy rapport die P.U.K. in so'n verdenking by die volk gebreng het (wat onmoontlik sou gewees het, as die regering die P.U.K. sy regmatige deel toegeken het), dat hy volle reg het om van die regering te verwag dat hy die P.U.K. binne afsienbare tyd tussen £50,000 en £70,000 sal toeken in leninge.

Dis die moeite werd om die gegewe lys van leninge noukeurig te bestudeer en te vergelyk, veral in verband met die onbillike aanbevelinge en kritiek van die kommissie.

Billiker en regvêrdiger sou dit van die kommissie gewees het, as hulle, gesien die wetlike erkenning van die bestaan van die P.U.K. deur die Unie-Volksraad, en gesien die ondersteuning wat

die P.U.K. in vergelyking met die ander erkende inrigtinge ontvang het, daarop aangedring het dat ook die P.U.K. sy regmatige ondersteuning ontvang, i.p.v. sy bes te doen om op die P.U.K. in die oog van die volk van Suidafrika soveel moontlik smaad te lê en sy naam so onregvêrdig te beklad.

En wanneer die P.U.K. sy regmatige ondersteuning ontvang het, en die nodige tyd vir ontwikkeling met die steun gegee is, sou 'n vergelyking soos Dr. P. J. du Toit dit bedoel het, eerder op sy plek gewees het. Die Raad vra net "fair play".

Hierom kwalifiseer die Raad die skerp aanval van die kommissie op die geboue en uitrusting van die P.U.K. in die hoogste mate onbillik.

## 5. PEIL. NAVORSING. EKSAMENS.

Hieroor wil die Raad nie veel sê nie, want die Raad is ten volle oortuig dat die peil van die werk aan die P.U.K. gedoen 'n vergelyking met die peil van die werk aan ander inrigtinge gedoen besonder gunstig sal kan deurstaan. As die kommissie in sy aanval op die kleinste inrigtinge in die algemeen 'n vernietigende oordeel uitspreek, dat „hulle werk in alle rigtinge duidelik onder peil van die ander klein kolleges is" (p. 17, par 57) moet die Raad van die P.U.K. billikheidshalwe teenoor sy staflede hierdie oordeel kwalifiseer as ongegrond en *beslis onwaar*.

Dat die kommissie vir hierdie oordeel (en ook Dr. P. J. du Toit vir sy kritiek op die laboratoria en biblioteek) nie die eksamenuitslae as bewys kan gee nie weet elkeen wat met die peil van die P.U. K. op die hoogte is, en gevolglik neem die kommissie herhaaldelik sy toevlug tot die bewering: Die eksamenuitslae bied geen voldoende toets nie. Wil die kommissie dan teen wil en dank net raak sien wat in hulle oog tel om die P.U.K. te sluit?

Terwyl in die uitslae van die eksamens geen steun gevind kan word vir die bewering dat die werk aan die P.U.K. onder die peil van die ander klein kolleges is nie, moes die toevlug geneem word tot veroordeling van die hele eksamenstelsel (Dr. P. J. du Toit, p. 52) van die Uniwersiteit van S.-Afrika. Met ander woorde, die eksamens van die Uniwersiteit van Suidafrika is minderwaardig en

onbetroubaar. Die Raad van die P.U.K. kan dit nie glo nie, en seker ook nie die Raad van die Uniwersiteit van Suidafrika nie. Die Raad vind dat juis die kontrole wat die eksterne eksaminatore oor die interne werk het, 'n waarborg daarvoor is dat die eksamens streng en op die wetenskaplike peil wat nodig is, gehou word. Die betekenis van die besonder gunstige uitslae van die P.U.K. mag dan ook nie misken word nie. 'n Ander toets van die peil van 'n kollege is die wetenskaplike bekwaamheid van die dosente. Ook in hierdie opsig kan die P.U.K. 'n vergelyking gunstig deurstaan.

Dr. P. J. du Toit merk op, en wel op grond van 'n erkenning van betrokke Professore en Lektore, dat geen navorsingswerk in hul respektiewe departemente gedoen word nie: „Hierdie erkenning gee 'n treurige indruk van 'n inrigting wat voorgee om uniwersiteitswerk te doen". (p. 53.)

Die Professore en Lektore het uit *eerbied* vir wat *werklike* navorsingswerk beteken, liewer aan die kant van beskeidenheid as aan die kant van aanmatiging gesondig. Dieselfde antwoord sou Dr. P. J. du Toit van die meeste Professore en Lektore aan al die Uniwersiteiet en Uniwersiteitskolleges ontvang het en wel weens gebrek aan tyd en middele.

Die Raad moet billikheidshalwe terwille van sy staf konstateer dat hulle met navorsingsywer besiel is en soveel moontlik daaraan doen, dat die ideaal van die P.U.K. om die Kristelike Wetenskap te bevorder dit ook noodwendig saambring. Met die ontwikkeling van die P.U.K. sal dit telkens duideliker uitkom.

## 6. DIE NORMAAL- EN TEOLOGIESE STUDENTE.

### *Toeneming van Studente-tal.*

Die kommissie het dit verder nodig geag om alleen in verband met die P.U.K. melding te maak van Normaal-studente, wat ook as studente van die P.U.K. ingeskryf is (p. 17, par. 58). Die Raad sou graag wil weet waarom hierdie onderskeiding vir die P.U.K. gemaak word en of opleidingsklasse aan ander uniwersiteite die getal ook nie affekteer nie? Of sou die kommissie van oordeel

wees dat aan nie-sekundêre onderwysers ten opsigte van die P.U.K. alleen geen toegang tot Uniwersitêre onderwys verleen moet word nie?

Nog 'n ander klas student behoort volgens die kommissie nie tot die Uniwersiteite toegelaat te word nie, n.l. teologiese studente. Hierdie bevinding van die kommissie dat „Teologie" geen wetenskaplike studievak is nie, maar 'n kerklike, kan bestempel word as „onwetenskaplik" in 'n "flagrante" (vgl. p. 53) sin. Dit is 'n beskouing, wat hopeloos "out of date" is, en dit verwek inderdaad „'n treurige indruk" (vgl. p. 53) om te dink dat die oudste „uniwersitêre" vak deur die Unie van Suidafrika in die ban gedoen moet word! Dit het die kommissie miskien ontgaan dat die Ou Kaapse Uniwersiteit al die graad van B.D. gegee het. Die hele „Teologiese" redenering van die kommissie is baie sonderling, veral as in aanmerking geneem word dat die kommissie *wel* aanbeveel dat *kuns en musiek* as uniwersitêre vakke erken moet word (p. 22, par. 86). Die Raad gaan met die laaste akkoord, maar kan juis hierom nie sien, waarom die „onderlinge geesteswrywing" weer beperk moet word deur die uitsluiting van Teologie nie.

Ten slotte nog dit: As in aanmerking geneem word dat, nieteenstaande die karige ondersteuning van die regering ten opsigte van leninge en tengevolge hiervan sy „armoedige" geboue, die studentetal aan die P.U.K. soos volg geklim het: 1922: 65; 1923: 116; 1924: 166; 1925: 168; 1926 198; 1927: 188; tot 1928: 202; kan moeilik beweer word dat die P.U.K. geen groeikrag besit nie. In dié verband wil die Raad weer daarop wys dat die P.U.K. „volgens sy konstitusie" en volgens sy ideaal van ontwikkeling nie tot lokale of prowinsiale studente beperk is of kan word nie, maar juis uniaal en nasionaal in sy voedingsbodem is.

## 7. AFSLUITING.

Op grond van bostaande opmerkinge is die Raad van oordeel dat die kommissie manliker sou gehandel het deur ronduit die regering te adviseer om die P.U.K. te sluit, as om deur *so'n* rapport die P.U.K. in *verdenking* en in 'n slegte reuk by die volk van Suidafrika te bring. Om die P.U.K. op

hierdie wyse skade te berokken, kan moeilik as "fair play" beskou word.

Om bostaande opmerkinge ten dele te staaf, haal die Raad hier aan wat verskyn het in die inleidingsartiekel van „Die Volksblad", Bloemfontein van 17 Julie, 1928. „In die derde plaas gee die kommissie, weliswaar in heel versigtige bewoordinge, in oorweging dat die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege moet vernietig word, of altans dat staatsteun daaraan onttrek word (wat prakties op dieselfde neerkom.)

Die argumente wat daarvoor aangevoer word, is erg aanvegbaar.

Dis waar dat die toerusting en geboue swak is, maar is dit regverdig om die kollege daarvoor te blameer terwyl hy nog nooit 'n dubbeltjie in lenings van die staat ontvang het nie en in toelae sedert 1918-1919 slegs £50,000, teenoor b.v. £114,000 vir die Natalse Uniwersiteitskollege, wat net effens groter is? Dis waar dat die P.U.K. klein is, maar sy groeikrag en lewensvatbaarheid word bewys deur die toename van 71 persent in die aantal voltydse studente in die laaste vyf jaar. Alleen die toename van die T.U.K. (118 pSt.) is belangrik groter, terwyl dié van die Randse Uniwersiteit en die Grey-kollege (albei 86 pSt.), die Rhodes-kollege (81 pSt.) en Stellenbosch (76 persent) nie veel meer is nie. Die Uniwersiteit van Kaapstad (39 persent) en die N.U.K. (15 pSt.) staan in hierdie opsig selfs ver agter by die P.U.K. Die verslag beweer dat die P.U.K. onder beheer is van 'n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 persent van die blanke bevolking uitmaak. Maar dit skyn in elk geval dat hy voorsien in die behoefte van 'n wyer strekkende kring van die Unie-bevolking as die groot kolleges, want slegs 67 persent van sy studentetal kom uit sy eie provinsie; na verhouding trek hy meer Kaapse studente as al die ander uniwersitêre inrigtings buite Kaapland; en 13 persent van sy studente kom uit die Vrystaat, wat alleen oortref word deur Stellenbosch se 15 persent Vrystaters en (vanselfsprekend) deur die G.U.K.)

Dit blyk dus dat die P.U.K. meer as enige ander inrigting van hoër onderwys 'n Uniale karakter dra. Die kommissie betoog: „In sy wese is dit 'n inrigting wat vir een van die godsdiens-

tige minderhede van die gemeenskap bedoel is". In sover dit te kenne gee dat dit net vir die (Enkel) Gereformeerdes bedoel is, is die bewering onbillik. Die inrigting wil wel positief Protestants-Christelik wees, maar nie kerkgenootskaplik nie. Maar afgesien hiervan, is die hele minderheidsargument 'n boekhouers-redenering en hoort dit as sulks nie tuis in 'n beskouing oor aangeleenthede van die gees (soos die uniwersiteitswese) nie. Die goeie reg van 'n minderheid word nie geraak deur 'n telling van neuse nie. Met uitsondering van die Grey, is die P.U.K. die oudste van die ses samestellende kolleges van die Uniwersiteit van Suidafrika en vir sy instandhouding gedurende langer as 'n halwe eeu het sy ondersteuners hulself groter offers as enige ander groep getroos. Dit is voldoende bewys dat die kommissie, wanneer hy die ondergang van die inrigting wil voorberei, in teenstryd geraak met sy eie onmiddellik voorafgaande kriterium: Voorsien 'n inrigting in nasionale behoeftes waarvoor nie reeds voorsiening gemaak is nie?"